# Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-9402775
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za


NUUSBRIEF 17/03 2023

Geagte Ouers/Voogde

Hierdie nuusbrief is die voorlaaste van die kwartaal. Die volgende nuusbrief word 31 Maart uitgegee.

1. **Skoolprogram: 20 – 31 Maart:**

| | |
|---|---|
| 20 Maart 2023 | Skoolvakansiedag |
| 21 Maart 2023 | Openbare vakansiedag: Menseregtedag |
| 22 Maart 2023 | **Skoolure: 07:25 tot 13:15**<br><br>18:30 Ouervergadering (0/13-toer) |
| 23 Maart 2023 | **Skoolure: 07:25 tot 13:15**<br>Geen hoërskoolsportoefening<br><br>14:00 Personeelafskeidsfunksie |
| 24 Maart 2023 | **Skoolure: 07:25 tot 12:40**<br><br>Prakties: Graad 10 Landboubestuurspraktyk |
| 27 Maart 2023 | **Skoolure: 07:25 tot 14:15**<br><br>14:15 Puntebespreking |
| 28 Maart 2023 | **Skoolure: 07:25 tot 14:15**<br><br>14:40 tot 16:30 Hoërskoolsportoefening |
| 29 Maart 2023 | **Skoolure: 07:25 tot 13:15**<br><br>07:30 tot 13:15 Gr. 7 NW-uitstappie<br>13:30 Dissiplinêre verhoor<br>14:30 Personeelafskeidsfunksie |
| 30 Maart 2023 | **09:00 tot 16:00 Sportdag te Paul Sauer**<br>• Netbal- en rugbywedstryde: 0/7 tot 0/19<br>• Leerders wat nie deelneem nie, bly tuis.<br>• Verdere inligting sal volg.<br><br>Vanaf 13:00 Graad 1- tot 3-ouerbesoeke |
| 31 Maart | **Skoolure: <u>Leerders</u>: 07:25 tot 08:30 <u>Personeel</u>: 07:15 tot 10:30**<br><br>Leerders ontvang rapporte, kwartaalprogram en nuusbrief |

2. **Wiskunde-olimpiade: Graad 8 tot 12:**
Baie geluk aan die volgende leerders wat na rondte 2 deurgedring het:
Anika Kritzinger
Miencke Strydom
Elanie Kritzinger
Emelee Smith
Kara Roberts
Marlu Kritzinger

Rondte 2 vind op 11 Mei vanaf 14:00 tot 16:00 plaas.

3. **Nasionale Toneelspelkompetisie:**
Ons wens die volgende leerders baie sterkte toe wat op Woensdag, 22 Maart, aan die uitdunrondte by HS Outeniqua op George gaan deelneem.

| | |
|---|---|
| Venay Matjala | (gr. 12) |
| Jessica Bester | (gr. 11) |
| Shanron Goeda | (gr. 11) |
| Ronaldo van Rooyen | (gr. 11) |
| Laura-Lee Pieterse | (gr. 10) |
| Elaine Coenraad | (gr. 10) |
| Maundrey Jantjies | (gr. 10) |
| Jaydrian Billet | (gr. 10) |

Juf. Riana bestuur die bussie.

4. **Graad 12- ouerbesoeke: 28 – 30 Maart:**
Die graad 12-ouerbesoeke van 28 – 30 Maart word na die tweede kwartaal uitgestel.

5. **Graad 7-uitstappie:**
Die graad 7-klas gaan op Woensdag, 29 Maart, na die Skulpiemuseum in Jeffreysbaai vir ‘n natuurlewe-uitstappie. Leerders gaan ‘n baie interessante werkswinkel oor die skulpe en diere wat langs die Suid-Afrikaanse kus voorkom, bywoon. Ons beplan om ook ‘n tydjie op die strand deur te bring, maar geen swem sal toegelaat word nie.

Die leerders gaan met die skoolbus vervoer word. Die bus vertrek om 7:30 vanaf die bushek by die skool, en sal betyds terug wees vir die busroete. Alle leerders sal volgende week ‘n brief kry waarin die ouer of voog toestemming moet gee vir die uitstappie.

Indien daar ouers is wat graag wil saamgaan om te help met toesig, sal dit baie waardeer word. Kontak asseblief vir juffrou Marie. Kostes en tye sal in die brief deurgegee word.

6. **Grondslagfase-ouerbesoeke:**
Op Donderdag, 30 Maart, kry ouers/voogde van graad 1- tot 3-leerders die geleentheid om hul kinders se akademiese vordering met die klasonderwyseresse te kom bespreek. Afsprake begin om 13:00 en duur 10 minute. Afsprake moet direk by die betrokke onderwyseresse gemaak word. U kan tot en met Woensdag, 29 Maart, ‘n afspraak maak. Tydens hierdie geleentheid sal u kind se rapport ook met u bespreek word.

| | | |
|---|---|---|
| Gr. 1: | Mev. Lizbé Strydom | 082 322 0707 |
| Gr. 2: | Mev. Marisa de Kock | 084 701 9517 |
| Gr. 3: | Mev. Tania Potgieter | 082 720 7273 |

herotel

7. **<u>Finansies</u>:**

- Leerders het hierdie week Maart se skoolfondsrekening ontvang. Maak asseblief seker dat u dit by u kind kry.

- <u>Kopieerkoste</u>:
  Die kopieerkoste is R550 per leerder per jaar en moet teen **31 Maart 2023** ten volle vereffen wees. Die huur van die fotostaatmasjiene, aankoop van papier en ink plaas 'n groot finansiële las op die skool, dus is elke ouer se bydrae van uiterse belang. Die leerders van HS McLachlan ontvang kwaliteit onderrig en daarvoor is ouers se konstante bydrae baie belangrik.

- Ons versoek ouers wat skoolfonds per EFT of by die OTM betaal, om u kind se naam en van op die verwysing te sit, en die betalingsbewys na mev. Ferreira by admin@hsmclachlan.co.za te stuur. Skoolfonds en ander betalings kan nog steeds by die skool gedoen word, indien u nie van bogenoemde metodes gebruik wil maak nie.

| | | |
|---|---|---|
| Bankbesonderhede: | Bestuursliggaam HS McLachlan | |
| | ABSA Rekeningnommer: | 1970 430047 |
| | Tipe rekening: | Tjek |
| | Takkode: | 334415 |
| | Verwysing: | **Kind se naam en van** |

8. **<u>Sport</u>:**

- <u>Mini-krieket</u>:
  Op Donderdag, 9 Maart, het HS McLachlan se 0/7- en 0/9-mini-krieketspanne by Laerskool Stulting teen Laerskool Jeffreysbaai gespeel. Ons was baie trots op ons leerders se goeie sportmangees en goeie gedrag. Die 0/9-span het baie goed gespeel en net-net verloor. Die 0/7-span het hulle wedstryd gewen – ons is baie trots op hulle.

- <u>Laerskoolatletiek</u>:
  Al 4 laerskoolatlete van Hoërskool McLachlan het 'n plek op die podium tydens die Oos-Kaapse atetiekkampioenskappe verwerf. Dit is voorwaar 'n uitstekende prestasie.

| | | | |
|---|---|---|---|
| S 0/10: | Trent-Leigh Pieterse | 3de plek | 70m hekkies |
| D 0/11: | Igné Ferreira | 3de plek | Gewigstoot |
| S 0/11: | E.J. Meyer | 2de plek | 70m hekkies |
| S 0/13: | Reyo-Nando van Rooyen | 2de plek | Spiesgooi |

C.J. STUURMAN
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
tituscelestine@yahoo.com
Tel: +27 (0) 42 940 2775
Cell: +27 (0) 64 650 9453

Hoërskool McLachlan

herotel
McLachlan Internet Fasiliteit